DIE SOEKENDE GOD

LUKAS 15:1-7 **Desmond Tutu se weergawe van die Bybelverhaal**:

Alle soorte mense het gekom om na Jesus te luister. Sommige het God se gebooie gehoorsaam en ander nie. Jesus het almal liefgehad en vriendelik behandel. Sommige van die geleerde mense het nie daarvan gehou nie en gekla: “Kyk net na Hom, Hy praat met sondige mense en Hy eet ook saam met hulle! Ons sal dit nooit doen nie!”

Jesus het hulle gehoor en toe die volgende storie vertel:

’n Skaapwagter het honderd skape gehad. Een van hulle was ‘n ou ram wat nie lekker geruik het nie en wat altyd kwaad gedoen het. Op ‘n dag het die ram weggeraak. Die skaapwagter sou kon sê: ‘Vergeet van hom! Hy maak tog net moeilikheid.’ Maar hy het nie. Hy het die ander nege en negentig skape alleen gelos en die hele nag in die koue en reën na hom gaan soek.

“Uiteindelik het die skaapwagter hom in ‘n diep sloot gekry. Hy was vol modder. En sjoe, hy het sleg geruik! Maar die skaapwagter het nie omgegee nie. Hy het die ram op sy skouers getel en die hele pad huis toe geloop en sing. Hy nooi toe sy vriende vir ‘n partytjie. ‘Ek het die verlore skaap gekry!’ het hy vrolik uitgeroep.”

“Net so is dit in die hemel,” het Jesus verduidelik. “Die engele hou partytjie elke keer as iemand wat verlore was, terugkom na God toe.”

(**God se kinders. Verhale uit die Bybel** Lux Verbi B.M. en Christelike Lektuurfonds 2010)

AANLEIDING

Die Fariseërs en skrifgeleerdes is **beswaard**… hulle murmureer (:1) Rede? Omdat Jesus met sondaars meng en selfs saam met hulle eet. Sê **Ps 1** dan nie *“Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die goddeloses volg nie, NIE MET SONDAARS OMGAAN en met ligsinniges saamspan nie”?* (:1) Sê die **spreekwoord** dan nie: “Meng jou met die semels dan vreet die varke jou” nie?

Die **Fariseërs** was bekend as 'n groep wat die voorskrifte van die Wet baie noukeurig *gevolg* het. Op hulle beurt was die **Skrifgeleerdes** weer die gesaghebbende *uitleggers* van die Wet. Die **tollenaars,** aan die anderkant, is deur gewone Jode as *onrein Romeinse meelopers* gesien: *permanent onrein* as gevolg van die feit dat hulle daagliks met alles en almal (d.w.s. ook met dit wat onrein is) in kontak was; en *meelopers* aangesien hulle namens die Romeine vir die insameling van belasting verantwoordelik was. Die **sondaars** kan 'n verwysing wees na almal wat nie streng volgens die *kriteria van die Jode* ten opsigte van bv. tiendes gehandel het nie.

**In reaksie** op die besware, vertel Jesus **drie gelykenisse** wat almal handel oor iets of iemand wat *verlore* was, wat *weer gevind* word en die *vreugde* wat dit bring: skaap… verlore muntstuk… seun. (1/100…1/10…1/2)

**’n Skaap wat weggeraak het**

(Opsomming van die gelykenis) Die *koue* in die Palestynse nag en die *hitte* in die dag, asook die teenwoordigheid van *roofdiere* het gewoonlik die **dood** van 'n verlore skaap beteken. Die

skaap is derhalwe **so verlore** dat hy tot niet sal gaan indien hy nie gesoek en gered word nie. Hy is so verlore dat hy *nie kan terugloop* nie. Hy kan net *teruggedra* word. Die reddingsaksie het *groot* ***vreugde*** tot gevolg. Die herder kan nie anders nie, hy moet sy blydskap *deel met* sy vriende en bure.

**'n Kykie in God se hart**

Hiermee wil God ons 'n **kykie in sy hart** gee. Hopelik sal ons harte dan *ook warm klop* vir mense soos die tollenaars en sondaars. Hy is die Herder van die gelykenis. 'n Menslike herder sal seker nie die 99 skape se lewe in gevaar stel deur hulle aan hulself oor te laat om *een* verlore skaap te gaan soek nie. God as goeie Herder se logika is anders. Hy **tel met Sy hart** en gaan soek die verlore skaap.

**Die vraag** wat die gelykenis aan die **Fariseërs en die Skrifgeleerdes** – en **ons** - stel, is of hulle en ons *ook bereid* is om soos die herder op te tree – die ander skape alleen te laat, die verlore een te gaan soek en dan uitbundig fees te vier?

God het 'n **brandende begeerte** om die wat verlore is, te red. Hy laat *geen steen onaangeroerd* om ons te red nie – ook nie die een in die tuin van Josef van Arimatea nie. God is volgens Lukas amper *roekeloos* oor ons verlossing – Hy laat die 99 skape alleen ter wille van die een wat weg is. Anders gestel: Hy gee sy enigste Seun om ons te red (Joh 3:16). Dink daaraan: **U en ek was op 'n tyd daardie verlore skaap** wat gevaar geloop het om te sterf, was dit nie dat God sy Seun gestuur het om tot ons redding te kom nie!

Miskien **ken jy** sulke skape wat op die afgrond leef, dikwels leef **ons ook** so. Dan vra ons: *"Waar is God? Waar is Jesus, die goeie Herder in sulke gevalle?"* Dalk gee die volgende **verhaaltjie** vir ons 'n antwoord:

Die skape in die Skotse hooglande dwaal dikwels af na die rotsagtige dele! Die gras op dié dele is soet en die skape hou baie daarvan. Hulle sal selfs 10 tot 12 voet afspring om daar uit te kom! Dan kan hulle nie uitspring nie en die herder hoor hulle konstante benoude geblêr!

Hulle kan 'n paar dae daar bly, totdat hulle al die gras opgeëet het. Die herder sal wag totdat hulle so swak is dat hulle skaars kan staan. Dan sal helpers 'n tou om hom bind en hom laat afsak om die skape te red.

*"Waarom gaan hy nie af wanneer hy die eerste keer die skape se geblêr hoor nie?"* vra ons. Want hulle sal skrik en by die afgrond afspring!

**Elke verlore sondaar is ewe waardevol**

God se Vaderhart **klop vandag nes** dit in die tyd van die Fariseërs en skrifgeleerdes geklop het. Op grond van sy **liefde soek Hy steeds** sonder ophou na elkeen wat verlore is.

God **los as 't ware alles** net so en begin soek. God soek **die één** wat weg is. Ongeag die **etike**t wat om die mens se nek hang. Sy liefde is dieselfde vir alle mense, gister, vandag en môre. Hy soek nie omdat dit **'n stoetskaap** is wat weg is nie. In God se oë het elke mens **ewe hoë waarde**, want elkeen is geskep volgens sy beeld en sy gelykenis (Ps 24).

Toe **Seville,** 'n geharde, gevreesde dwelmsmokkelaar van Philadelphia se lewe 'n dramatiese positiewe verandering gehad het, het **Nightline** in Amerika daaroor 'n berig gehad.

Hy het met die hulp van 'n **straatwerker** wat vir maande vreesloos God se genade en liefde in die strate van Philadelphia se gevaarlike buurt, Badlands, uitgeleef het, God gevind. So het hy na rehab gegaan en 'n **nuwe mens** geword, wat nie meer dwelms smokkel of verkoop nie, ook glad nie meer motors steel nie. Toe die verslaggewer hom vra wat hy sou sê die **een faktor** is wat daarvoor verantwoordelik was dat sy lewe so verander het, was sy antwoord: *"Jesus Christ."*

Die verslaggewer het verder gevra: *"Yes, I know, but tell me more. Aside from that, what other factors were involved?"* Hy het net vir die verslaggewer geglimlag en gesê: *"There are no other factors, my friend. There's just one factor. His name is Jesus Christ."*
Vir 37 van sy 50 jaar was hy verlore in dwelms, verlore in misdaad, verlore in sonde – 'n verlore skaap van God. Tot Jesus hom deur die straatwerker gevind en sy lewe verander het, want dis wat Jesus doen - net Hy kan doen! *"He is the one factor."* Hy is die **Goeie Herder** wat sy lewe aflê vir sy skape en aan hulle die oorvloedige lewe gee (Joh 10).

Ek kan my indink hoe 'n groot partytjie in die hemel gehou is toe Jesus vir Seville gevind het!

**Godsdienstige mense se harte is soms uit pas**
Die Fariseërs en skrifgeleerdes se beswaardheid oor Jesus se soektog na sondaars toon hul **eie verlorenheid.** Hulle *harte was nie in pas* met die liefdevolle hart van God nie. Hulle het nog die Heilige Gees as ***"pas-aangeër"*** kort gekom. God is **warmhartig en barmhartig**, terwyl hulle harte koud is. Hulle het geglo jy moet *kwalifiseer* om in aanmerking te kom vir God se liefde.
Verlossing begin vir hulle by iets wat die *mens doen*. Ons moet *ordentlik* word. Dan sal ons vir God *aanvaarbaar* en *waardige tafelgenote vir Jesus* wees.
Jesus beklemtoon dat God 'n hart vir alle mense het. Ook vir verlorenes, buitestanders en minderes (maw vir mense soos stout kinders, gays, korrupte amptenare, gevangenes, prostitute, Vigslyers...) Daardie **ram** wat altyd kwaad doen en nie lekker ruik nie van wie Biskop Tutu skryf! Die **swart skape** in die familie. God *soek hulle* – nie om straf uit te deel nie, maar om hulle te red!
Hierdie boodskap *skud die fondament* van die Fariseërs en skrifgeleerdes se **Godsbeskouing**. Hoeveel mense dink nie vandag nog aan God net as 'n koue, ongevoelige, veroordelende **Regter** van wie jy geen begrip kan verwag nie? Jy moet maar liewer uit sy pad bly – veral as jy nie so 'n skoon rekord het nie!

**Soek saam met God**
Wanneer ons harte soos God s'n begin klop, sal ons nie net **minder veroordelend** staan teenoor die kerklosses en kerkloses nie, maar ook **help** om hulle te gaan soek.
Elke gemeente en elke lidmaat is **geroep** om aan God se soektog deel te neem. As ons maar net kan onthou dat ons ook net **uit genade** gered is – *"There, but for the grace of God, goes I"!* – sal ons dit ook *van harte* doen en nie as 'n plig wat ons opgelê is nie.
Ons sal ook saam met die engele in die hemel **bly wees** oor elkeen van hulle wat terugkeer, al vra hulle van ons aanpassings en kom hulle met nuwe, vreemde idees!

Mag God ons harte ook vul met Sy passie vir die afgedwaalde skape!

Amen.

Bespreek: Wat beteken dit vir jou "om die verlore skape te gaan soek"? Hoe sal jy hom / haar benader? Wat sal jy sê? Waarvoor sal jy versigtig wees?
Gaan doen dit en kom vertel by 'n volgende keer hoedat dit gegaan het.

**ADDENDUM**

’n Vrou het ’n stuk geskryf waarin sy teruggedink het oor haar verhouding met haar pa. Sy het vertel dat toe sy jonk was, sy baie naby aan haar pa was! Die tye wanneer sy haar pa se nabyheid die meeste ervaar het, was by groot familiesaamtrekke met al die ooms en tannies en neefs en niggies.
Iewers tydens die saamtrek het iemand die platespeler aan die gang gekry en dan het hulle gedans. As iemand uiteindelik die “Beer Barrel Polka” speel, sou haar pa altyd na haar toe kom, haar op haar skouer tik en sê: “Ek glo hierdie is ons dans” en dan sou hulle dans.

Eenkeer toe sy ’n tiener was en in een van daardie tiener buie, en die “Beer Barrel Polka” by ’n familiesaamtrek gespeel is en haar pa gesê het: “Ek glo hierdie is ons dans,” het sy teruggehap: “Moenie aan my vat nie! Los my alleen!” Haar pa het omgedraai en haar nooit weer gevra om te dans nie.
Sy skryf verder: “Ons verhouding was moeilik deur my ganse tienerjare. As ek saans laat van ’n “date” kom, het my pa gewoonlik in sy slaapklere half aan die slaap in een van die sitkamer stoele gesit en dan sou ek altyd na hom hap: “Wat dink jy doen jy?” Hy sou altyd met sulke hartseer oë na my kyk en vir my sê: “Ek het net vir jou gewag.”
“Toe ek weggaan kollege toe,” skryf sy verder, “was ek so bly om uit sy huis te kom, weg van hom en vir jare het ek glad nie met hom gekommunikeer nie, maar soos ek ouer geword het, het ek hom begin mis.”
Eendag het ek besluit om na die volgende familiesaamtrek te gaan. Iewers daardie aand het iemand die “Beer Barrel Polka” opgesit, ek het diep asemgehaal, na my pa gestap, hom op sy skouer getik en gesê: “ Ek glo hierdie is ons dans.”
Hy het na my toe gedraai en ek sal nooit vergeet wat hy gesê het nie:
“Jy weet nie hoe lank ek al hiervoor wag nie... vir jou wag nie.”